

Drimia indica (sinoniem *Drimia zambesiaca*) of Indian squil



Tuis in die Senegal en Somalië asook suidelike Afrika, Sambia, Zimbabwe, Botswana, Mosambiek en Suid Afrika (geen rekord vir Angola en/Namibië gekry nie), ook in Indië, Myanmar en Viëtnam, **maar** ek het dit tog hier by ons op die kantgebied van 'n vlei tussen die lang, droë vleigrasse opgemerk. Dit laat dink aan die rooi slangkop (*Drimia sanguinea*), maar die blomme sit nie so dig bymekaar nie, en dis nie so mooi wit nie; ietwat in die rigting van 'n lelike eendjie.



Hulle

staan een-een en nie in kolonies soos *Drimia altissima* nie. Toe ek die bol uit die sementharde vleikle haal, is ek seker, dis iets anders as rooi slangkop.

Hierdie bol is wit. Buiteom sit 'n bruinerige papierlaag en binne-in is dit wit soos gewone groente-uite ook.



af op,
hele ruk in die
dit kliphard, onder bly dit lank

Hoe die blare lyk, weet ek nog die blomme uitkom, is daar nie die blare sien, weet jy nie, watter s'n dit is nie. As jy toevallig 'n los ui identifiseer nie. En so gebeur dit, dat



Die bol sit nie baie diep in die grond nie, ongeveer 8 cm.

In die reëntyd as die vleie water het, staan dit seker maar in die water. Aangesien die vleie klein en vlak is, droog hulle redelik vining van die kante en die bol staan dan vir 'n vogtige swart klei. Bo word vogtig.

nie. As die blare eers lank na meer blomme nie. As jy net van die oneindig baie uiplante sien, kan jy ook nie die plant daar nog altyd ongeïdentifiseerde

plante is, al is dalk iets van die plant al voorheen opgemerk en beskryf. 'n Mens sien in die natuur nooit die blomme en sade en blare van *Drimia indica* ter gelykertyd nie.

Nog in my naslaanbronne, nog by Dr.Google kry ek baie oor die medisinale waarde of berigte van vergiftigings by diere of mense nie. In Indiese Ayurveda medisyne word dit wel gebruik. Blykbaar help dit urinering aan, verlaag die hartslag, help om longaanpaksels uit de hoes, verlig kroepspasma, verlig simptome by akute en kroniese brongietis, asma, watervorming op die hart en niere, rumatiek, melaatsheid, velsiektes, vratte en brandende voetsole (oopgesnyde ui word daarop gevrywe).

ONTHOU: DIT IS GIFTIG, en die mediese werking is by BAIE plante gegrond op hulle gifinhoud! Moenie self toets nie!.....(dalk net om 'n vrat weg te ets ☺)

'n Vierde *Drimia* wat hier voorkom, is ***Drimia macrantha***.

Ook hier het ek nie baie inligting nie. Dit groei hier weggesteek in diep skaduwee. Die blare is tot 50 cm lank en staan orent, die blomsteel tot 80 cm lank. Dit blom soos *Drimia urginea*, *D.indica* en *D.altissima* in die lente. Die blomme lyk baie soos die van *Drimia indica*. Die bol sit vlak in los sand, dit bestaan uit vet sukkulente skubbe, wat soos dakpanne verskuif oor mekaar gerangskik is.



Ons moet maar veronderstel, dat al die *Drimia* spesies giftig is, dus WEES MAAR VERSIGTIG!

Inligtingsbronne: Alex Dreyer (DANKIE vir identifikasie!) Google (gee net plantnaam in)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Oktober 2018